

## 24.3 RAPPORT 3: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – TEKORT OP DIE STUDENTEKASHULPFONDS

### 1. Opdrag

Acta 2012:488-490, 24.8. T.o.v. "1.5: Die tekort word aangevul deur die SDDS" besluit die Sinode: *Terugverwys na die Kommissie saam met Deputate SDDS vir 'n aanbeveling.*

Die Sinode besluit verder by 3.1 *dat die Deputate SDDS en die Kuratore so gou moontlik saam besin oor moontlike oplossings.*

### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die Kuratore het die opdrag soos volg afgehandel:

'n Kommissie bestaande uit ds EJ Tiemensma (s) en dr D Lartz is aangewys om gesprek te voer met Deputate SDDS. Die kommissie het op 31 Augustus 2012 te GK Centurion vergader en die volgende Rapport van die Kommissie is deur die Kuratore Dagbestuur en deur die Kuratore goedgekeur:

### RAPPORT VAN GESPREK TUSSEN KDB EN SDDS

#### 1. Opdrag

1.1 Handeling 2012:488-490, 24.8.

#### 2. Uitvoering van opdrag

2.1 Die Deputate, ds EJ Tiemensma en dr D Lartz, het op 31/08/2012 met die Deputate van SDDS te GK Centurion vergader.

2.2 Tydens die gesprek is van die volgende sake kennis geneem:

2.1.1 SDDS het aan die Diakonieë van die gemeentes te Potchefstroom 'n brief gestuur (29 Februarie 2012) om te verneem of daar enige nood by studente in gemeentes bestaan waarin die SDDS 'n plaaslike Diakonie van hulp kan wees. In voorkomende gevalle word die volgende werkswyse (volgens die Reglement van die SDDS) gevolg: hulp sal verleen word uit die fonds vir Noodtoestande nadat SDDS saam met 'n Diakonie ondersoek na die nood ingestel het waar van toepassing. Tot op datum van die vergadering (op 31/08/2012) is geen aansoek om hulp tot die SDDS gerig nie.

2.1.2 Die Rektor van die TSP het 'n skrywe in die kerkverband gerig waarin die nood van die studente ten opsigte van lewensbehoefte uitgespel is. Tans word hulp verleen aan studente deur middel van die "Koskas" as inisiatief deur die KFO deur middel van privaatskenkings en skenkings deur Diakonieë.

2.1.3 Geen inligting is beskikbaar nie oor die stand van sake met betrekking tot die Deputate TSK-Hulpfonds tydens die Algemene Sinode 2012 benoem.

2.1.4 Die Deputate het die Deputate van die SDDS ingelig hoe die KFO toekennings uit die TSK hanteer en die Deputate van die SDDS het van hulle kant die volgende genoem:

- (a) Indien die SDDS die weg sou opgaan om, behalwe hulp uit die fonds vir Noodtoestande, verdere fondse uit die kerkverband te verkry om studente in hulle nood by te staan, hierdie fondse in 'n aparte trustfonds vir hulpverlening aan studente geallokeer word.
- (b) Die moontlikheid om aan studente hulp uit die kerkverband te verleen op 'n basis waar 'n student, soos gereël in samewerking met die TSP, deur 'n gemeente "aangeneem" word.
- (c) Dit is verder benadruk dat studente hulle verantwoordelikheid ten opsigte van befondsing van studies en vir lewensbehoefte moet beseft en nakom.

### **3. Aanbeveling**

- 3.1 Die opdrag tot gesprek van die KDB met die SDDS word as afgehandel beskou gegewe dat die SDDS die saak van hulpverlening aanspreek soos dit binne die Reglement van die SDDS moontlik is.
- 3.2 Indien in die toekoms sake sou voortspruit wat met bogenoemde gesprek verband hou, word dit deur die lid vir Finansies van die Kuratore Dagbestuur met die SDDS vir rapportering aan die KDB opgevolg.

Ds EJ Tiemensma, dr D Lartz.

*Rapporteur:*